

# Lekkerbekkie Nuusbrief

8 OKTOBER 2014 | UITGAWE 75



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: 'n Vreemde hoed met skoene ook
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## 'n Vreemde hoed met skoene ook deur Anna Emm

Op 'n dag stap Kareljtjie van die skool af huis toe. Hy stap deur die veld, onderdeur die hoë bome, en verby die waterstroompie. Maar nou sien Kareljtjie 'n vreemde ding... Daar, langs 'n groot ou boomstomp, het iemand 'n vreemde hoed met skoene ook laat lê! Wie s'n kan dit wees?

Kareljtjie stap nader, tel die hoed op, en sit dit op sy kop om te sien of dit pas. Dis 'n groot hoed met 'n punt. Dit sit lekker spoggerig op sy kop! Hy trek die skoene aan sy voete om te sien of dit pas. Dit pas al te deffig en lyk tog te mooi.

'n Eekhorinkie skarrel op 'n tak verby, en Kareljtjie roep: "Verskoon tog! Weet jy nie dalk wie se hoed en skoene hierdie is nie? Iemand het dit hier laat lê."

Die eekhorinkie loer na die hoed en skoene. Dit is vir hom vreeslik mooi. Hy sê vinnig: "Wag, laat ek sien of dit nie dalkies myne is nie. Ek het hoeka 'n hoed en skoene verloor."

Vinnig haal Kareljtjie die hoed van sy kop af dat die eekhorinkie dit kan aanpas, en hy trek die skoene ook uit. Maar ai, dit pas glad nie vir die klein eekhorinkie nie! Net toe, hop 'n hasie verby.

"Jy weet nie dalk wie hierdie hoed met skoene ook hier laat lê het nie?" roep Kareljtjie na die hasie. Die hasie stop, en loer na die hoed en skoene. Hy wou nog altyd so 'n spoggerige hoed en skoene gehad het.

"Laat ek gou kyk," sê die hasie en hop nader. "Miskientjies is dit my hoed en skoene daai. Ek het dit verloor in die veld." Maar die vreemde hoed en skoene pas ook nie vir die hasie nie – nie eens amper nie!

Net toe kom die wind op. Dit waai deur die takke en vee die gras plas. "Hou vas!" roep Kareljtjie na die eekhorinkie en die hasie, want die groot hoed en die skoene wil sowaar wegwaai! Hulle klou aan die hoed en die skoene – so styf hulle kan! En raai? Daar lig die wind dit op en waai dit weg, en Kareljtjie en die eekhorinkie en die hasie waai saam! "Klou vas!" roep Kareljtjie weer, en hulle klou.

Die wind waai die vreemde hoed met die skoene ook al die pad tot by Kareljtjie se huis. Sy mamma staan buite by die wasgoedlyn, en dis waar die windjie hulle almal op 'n hophie kom neersit.

"Daar is dit!" roep Kareljtjie se mamma bly uit en wys na die vreemde hoed met skoene ook. "Dis die hoed en skoene ek vir jou skool konsert moes maak, Kareljtjie! Maar ek het dit gewas en opgehang om droog te word, en toe waai die wind dit weg! Ek is só bly jy het dit gekry!"

Kareljtjie is ook bly. Hy wou mos nog altyd so 'n spoggerige vreemde hoed gehad het, met skoene ook!

**Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

**Produk van die week**

## Die vyfde Lekkerbekkie Storieboek is hier!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

Het jy geweet? Al die stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe, is in boekvorm ook beskikbaar – die vyfde Lekkerbekkie Storieboek het sopas verskyn! Elke A4 boek bevat 15 stories – elk met sy inkleurprentjie @ R65 elk. As jy hierdie week by een van ons agente bestel kan jy die vyfde boek @ R55 kry, of R300 vir die hele reeks (5 boeke). Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area, of koop die produkte teen die normale prys direk by ons kantoor in Kaapstad.

**Lekkerbekkie Storieboeke!**

A4 boeke met 15 stories elk  
- vir voorlees of self lees!  
Elke storie het sy eie  
inkleurprentjie!

**Boek vyf  
is hier!**

ANNA EMM PRODUCTIONS  
**Lekkerbekkie Storieboek 5**  
15 stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe

Stories deur Anna Emm  
prente deur Bianca Biecht  
**Lees dit self!  
Kleur dit in!**

ANNA EMM PRODUCTIONS  
**Lekkerbekkie Storieboek**  
15 stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe

ANNA EMM PRODUCTIONS  
**Lekkerbekkie Storieboek 2**  
15 stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe

ANNA EMM PRODUCTIONS  
**Lekkerbekkie Storieboek 3**  
15 stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe

ANNA EMM PRODUCTIONS  
**Lekkerbekkie Storieboek 4**  
15 stories uit ons weeklikse Lekkerbekkie Nuusbriewe

**SPESIALE AANBOD:**  
Koop Boek 5 @ slegs R55...  
of kry al 5x Lekkerbekkie boeke  
@ slegs R300!

Gewone prys R65 elk.  
Aanbod sluit 13 Okt 2014

### **Word 'n Anna Emm storie-agent!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

'n Vreemde hoed met skoene ook illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)